**Skriflesing: 1 Korintiërs 3 vers 3 tot 39**
**Tema: Ons is die gebou van God**

Korinthiazesthai beteken om soos 'n Korintiër te leef! Hierdie benaming was nie vleiend bedoel nie. Baie inwoners van die stad Korinte was ryk. Hulle het die wêreldhandel oor land en see beheer. Hulle kon roem in hulle twee-jaarlikse aanbieding van die Istmiese Spele. Maar hulle het ook losbandig gelewe en dronkenskap was 'n alledaagse gesig.

Die inwoners van Korinte was hoofsaaklik Grieke met 'n groot groep Jode wat van Palestina afkomstig was.

Dit het gelei tot 'n mengelmoes godsdienste waarin onder andere verskeie afgode aanbid is.

In dié stad stig Paulus (±50 nC) die gemeente van Korinte tydens sy tweede sendingreis. Die lidmate was hoofsaaklik nie-Jode, maar ook Jode wat reeds in Jerusalem tot bekering gekom het. In die gemeente was gelowiges vanuit die laer sowel as die hoër sosiale klasse. Na 'n bediening van bykans 18 maande, vertrek Paulus. Apollos volg hom in Korinte op as geestelike leier.

Later word aan Paulus vertel dat die gemeente in Korinte besig is om in groepe te verdeel op grond van verskillende predikers wat in gemeente gewerk het of steeds werk. Mense verdeel in groepe en volg dan een van die volgende gemeenteleiers:

- Apollos, as begaafde spreker, se bedieningstyl het hulle positief geïnspireer. Saam met hom was hulle opgewonde oor die evangelie én ook oor die gemeente se toekoms.
- Paulus se aanhangers het weer aanklank gevind by sy kalm en beredeneerde bedieningstyl en sy uitleg van die grondwaarhede. Miskien was dit omdat hulle heidense gelowiges was wat tot bekering gekom het en 'n behoefte aan die suiwer basiese waarhede van die evangelie gehad het.
- Sefas se aanhangers was hoofsaaklik afkomstig uit Palestina waar hulle tot geloof gekom het. Hulle hou vas aan sy bediening wat hulle herinner aan hul moederkerk in Palestina.
- En dan was daar ook die Christus groep. Ons is onseker wie hulle was. Hulle het gedink dat hulle so bietjie beter as die ander is en het dan ook baie klem geplaas op sekere gawes van die Heilige Gees.

Hierdie geestelike klieks en groepvorming rondom gemeenteleiers, het 'n bedreiging vir die gemeente ingehou. Paulus roep die gemeente op om hul slimpraatjies, dwarstrekkery en kliekvorming te laat staan. Dit is misleidend en afbrekend, vernietig die onderlinge eenheid en onteer God.

Elkeen word opgeroep om te vergeet van dit wat vir hom of haar persoonlik belangrik is en van dit wat ander gedoen of gesê het. In die gemeente gaan dit nie oor jou of my en ons persoonlike voorkeure nie - dit gaan oor Christus.

Paulus herinner die gemeente en vir elkeen van ons in die gelese gedeelte dat die gemeente 'n bouwerk van God is.

**1. Ons is God se gemeente gebou op die fondament Jesus Christus.**
God het die fondament van die gemeente gelê. Die fondament is Jesus Christus. Daar is geen ander fondament nie. Ons moet bou op die fondament Jesus Christus. Hy is ons Verlosser. Ons moet op Hom fokus.

Paulus waarsku die gemeente in Korinte, maar ook vir ons, dat ons nie mag bou op mense nie. Dit sal dwaas wees. As ons om enige ander rede as oor Christus hier is, is ons om verkeerde rede hier. Ons moet fokus op Hom as fondament en op wat Hy wil hê.

Om moet voortbou op die boulyne wat reeds deur die fondament bepaal is. Dit moet hier onder andere gaan oor liefde, genade, diens, dinge wat vir die Here belangrik is.

Ons is mededienaars in sy bouwerk. Saam met ander bou ons op die beginsels wat Jesus self geleef het. So is ons die kerk. Die kerk is nie 'n plek waarheen ek Sondae gaan nie. Elkeen van ons ís die kerk.

**2. Ons is die gebou van God.**
Ons sien dit so duidelik in 1 Pet 2:4+5a:
"Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,…"

**3. Ons is ook 'n tempel van die Heilige Gees (1 Kor 3:16)**
Net 'n paar hoofstukke verder skryf Paulus in 1 Kor 6:19-20: "[19]Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: [20]julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik."
Ons elkeen is gevul met die Heilige Gees. En ons is heilig. Ons gaan nie vanoggend in die erediens as heilige geleentheid in die kerkgebou rook, drink, skinder of dobbel, mekaar te lyf gaan of oneerlik wees nie. Wanneer ons hier wegstap is ons elkeen 'n heilige tempel van die Gees en mag en wil ons ons steeds nie aan hierdie dinge skuldig maak nie.

**4. In die gemeente moet met die beste boumateriaal gebou word.**
Ons mag nie op ons eie insigte staatmaak nie. Ons moet bou met die Bybel in die hand en volgens die riglyne wat Christus gee. Ons moet bou onder leiding van die Gees wat ons lei in die waarheid. En ons moet bou met verantwoordelikheid. Ons mag nie afskeepwerk doen nie. Wanneer ons bouwerk die toets van God deurstaan het, ontvang ons as bouers genadeloon as die seën van God.

**Afsluiting**
Waarop fokus jy? Vir ons as gebou van God en tempel van die Heilige Gees kan daar net een fokus wees en dit is Jesus Christus. In sy gemeente vier ons nie net wie Hy as fondament is waarop ons as gemeente bou nie, maar ons laat ook toe dat die Heilige Gees ons meer en meer soos Hy maak.
**Amen**